


Wysiging van artikel 25 van die Grondwet

Die **Gesamentlike Grondwetlike Hersieningskomitee (Gesamentlike GHK)** het in 2018 openbare verhore in al die provinsies van Suid-Afrika gehou. Die uitsluitlike doel van dié uitgebreide openbare oorlegplegings was om openbare insette oor die wysiging van artikel 25 van die Grondwet in te win.

Tydens hierdie verhore is die volgende vrae gestel ten einde sinvolle insette van die publiek aan te moedig:

- **Belemmer artikel 25 van die Grondwet die onteiening van grond sonder vergoeding?**
- **Watter veranderinge wil u graag sien vir die behoorlike inwerkingstelling van artikel 25 van die Grondwet?**



Wie moet deelneem en op welke wyse?

Alle belangstellende en geaffekteerde partye, individue en georganiseerde groepe word uitgenooi om deel te neem deur:

skriftelike voorleggings aan die ad hoc-komitee vir die wysiging van artikel 25 van die Grondwet te doen. Voorleggings moet aan die sekretaris van die ad hoc-komitee, mnr Vhonani Ramaano, teen 29 Februarie 2020 gestuur word.

📍 **Adres: 3de verdieping, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000**

✉️ **E-pos: section25@parliament.gov.za**

📞 **WhatsApp: 081 410 5930**

Bywoning van openbare verhore:

Openbare verhore sal vanaf 28 Februarie 2020 in alle provinsies in verskeie distriks- en metropolitaanse munisipaliteite regoor die land gehou word.

Die nasionale inperking wat in Maart deur President Ramaphosa aangekondig is, het daartoe gelei dat openbare verhore in drie provinsies uitgestel is, nl: Limpopo, Noord- en Wes-Kaap. Die openbare verhore sal ingevolge die vlak 1-inperking nou van **22 Oktober 2020 tot 31 Oktober 2020 voortgesit word.**

Vir verdere inligting oor voorleggings en openbare verhore oor die wetsontwerp kan u met die sekretaris van die ad hoc-komitee vir die wysiging van artikel 25 van die Grondwet, mnr Vhonani Ramaano, in verbinding tree:

Tel: (021) 403 3820

Sel: 083 709 8427

E-pos: vramaano@parliament.gov.za




PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Wat het ná die 2018 openbare verhore gebeur?

Die **Gesamentlike GHK** het 'n verslag opgestel en dit in die **Nasionale Vergadering (NV)** ter tafel gelê. Dié verslag het die volgende belangrike aangeleenthede wat uit openbare insette voortgespruit het, gelys:

- Grondeienaarskap in die land is ongelyk en skeefgetrek.
- Die verblyfsekerheid van plaaswerkers, plaashuurders en diegene wat op gemeenskaplike grond woon wat in 'n trust gehou word, moet vasstaan.
- Korrupsie, 'n onvoldoende grondhervormingsbegroting, tesame met 'n gebrek aan die vermoë van die staat, is as 'n belemmering vir die grondhervormingsproses vermeld.
- Die staat is dringend versoek om 'n duidelike strategie vir grondherverdeling op te stel ten einde werk te maak van die ongeregthede van die verlede.
- Die Grondwet moet uitdruklik vermeld dat die onteiening van grond sonder vergoeding 'n wettige opsie vir grondhervorming is.





Afrikaans



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WYSIGING VAN ARTIKEL 25 VAN DIE GRONDWET



parliamentofrsa

WYSIGING VAN ARTIKEL 25 VAN DIE GRONDWET

Wat was die oorheersende siening van die publiek tydens die verhore?

Die openbare verhore is afgesluit met twee teenoorgestelde hoof sieninge.

Die eerste siening is dat artikel 25 'n belemmering vir die onteiening van grond sonder vergoeding is en gewysig moet word. Artikels 25(1), 25(2) (b) en 25(3) is in die besonder as problematies uitgelig. Dié bepalinge word as 'n beskerming van eiendomsreg wat tydens die apartheids- en koloniale era verkry is, gesien.

Die tweede een is dat die Grondwet reeds voorsiening maak vir onteiening sonder vergoeding. Hierdie siening word ondersteun deur artikel (2)(a) wat bepaal dat eiendom alleenlik vir openbare doeleindes onteien mag word kragtens 'n algemeen-geldende regsvoorskrif.

Diegene wat teen die wysiging van artikel 25 gekant is, het voorts aanbeveel dat die Parlement die Onteieningswet (63 van 1975) herroep, en die konsep-Onteieningswetsontwerp verwerk om dit met artikel 25 te laat strook.

Wat is die huidige aanbevelings van die Gesamentlike GHK?



Aanbeveling 1:

Artikel 25 van die Grondwet moet gewysig word en duidelik wees oor die onteiening van grond en eiendom sonder vergoeding. Dit sal historiese ongeregtighede met betrekking tot grondontneming takel, billike toegang tot grond verseker en die meerderheid Suid-Afrikaners bemagtig.



Aanbeveling 2:

Die Parlement moet dringend 'n meganisme instel om 'n nodige wysiging aan die tersaaklike gedeelte van artikel 25 van die Grondwet aan te bring.



Aanbeveling 3:

Die Parlement moet voor die einde van die vyfde demokratiese Parlement 'n Wysigingswetsontwerp op die Grondwet indien, verwerk en aanneem ten einde onteiening sonder vergoeding moontlik te maak.

Die huidige sesde Parlement werk daaraan om die aanbevole wysiging te finaliseer.

Oogmerke van die wetsontwerp



Subartikel 2(b)

Maak voorsiening daarvoor dat 'n geregshof 'n nul vergoeding kan toestaan wanneer grond of eiendom vir grondhervorming onteien word.



Subartikel 3

Sit die voorwaardes en omstandighede uiteen wat oorweeg moet word wanneer 'n hof 'n beslissing met betrekking tot die vergoedingsbedrag maak.



Subartikel 3A

Nasionale wetgewing moet aangeneem word wat die omstandighede uitstippel waaronder 'n hof 'n nul vergoeding van onteiene grond of eiendom kan toestaan, bv die Onteieningswetsontwerp.

Waarom hou die Parlement openbare verhore?

Die Parlement, deur die Grondwet gemagtig, moet verseker dat die publiek betrokke is by al sy prosesse, met inbegrip van wetgewing.

Ten einde aan dié mandaat te voldoen, nooi die ad hoc-komitee alle belangstellendes en geaffekteerde partye, individueel en/of georganiseerd, uit om deel te neem aan die 18de wysiging van die Grondwet met betrekking tot artikel 25.

Die komitee sal al die openbare insette oor die wysiging van die Grondwet oorweeg ten einde dit vir die NV moontlik te maak om die wetsontwerp aan te neem.

Waarom is dit belangrik om deel te neem?

Openbare deelname is 'n demokratiese proses wat verseker dat wetgewers na die mense se stemme luister wanneer hulle wette maak.

Wat sal ná die openbare verhore gebeur?

Die ad hoc-komitee sal die wetsontwerp na die NV terugstuur nadat alle openbare insette in aanmerking geneem is. Die lede van die NV sal dan oor die 18de wysiging van die Grondwet stem. Indien die NV die 18de wysiging aanneem, sal die wetsontwerp na die Nasionale Raad van Provinsies verwys word vir oorlegpleging met die provinsies oor die wetsontwerp. Sodra die wet aangeneem is, sal dit voorsiening maak vir onteiening van grond en eiendom sonder vergoeding.

“n Aktivistiese en Responsiewe Volksparement wat na die mense luister”